

9 Februarie

Skrifgedeelte: Genesis 21:22-22:24 (OAV)

Fokusgedeelte: Genesis 22

Geloofseksamen

Eksamenskryf vereis deeglike voorbereiding. Vir Abraham het eksamentyd aangebreek. Vers 1 sê “*Na hierdie dinge...*”. Dit is die geloofsklasse en geloofslesse waarvan hoofstuk 12-21 vertel. Geloof beteken mos ken en vertrou. Abraham het God leer ken en Hom ook leer vertrou. Só ontvang ons elke dag geloofsklasse en geloofslesse. Ons moet elke dag leer om God blindelings te vertrou. Ons moet dit leer uit deure wat Hy onverwags voor ons oopmaak. Die Here wys elke dag op baie maniere vir ons dat Hy altyd ten volle betroubaar is. Ons moet al die bewyse van sy getrouheid ter harte neem, want die tyd van eksamenskryf breek aan. “*Na hierdie dinge het God Abraham op die proef gestel...*”. Die vraestel wat Abraham moes beantwoord, was die opdrag om sy seun op die berg Moria te offer. Hy moes hierdie eksamen skryf om sy geloof te versterk. Wanneer God ‘n geloofseksamen vraestel voor jou neersit, wil Hy nie daarmee kyk of jy regtig glo nie. Hy weet dit klaar. Hy laat jou eksamen skryf om jou geloof nog sterker te maak. Vir Abraham was die vraestel besonder moeilik, maar hy huiwer nie. Hy is bereid om sy enigste seun aan God te offer. Hy is nie in sy geloof teleurgestel nie, want die Here gee sy seun lewend aan hom terug. Isak lewe deur geloof.

Die Lam van God sterf op Golgota sodat ons deur geloof in Hom kan lewe. Hy gee die Heilige Gees aan ons sodat ons elke eksamen vraag met vertroue kan antwoord.

Sing: Psalm 71:5,14

Ds AP Krüger (Postmasburg)